Veenwouden 1727
Van der Walt-Familiebond

NUUSBRIEF
Van der Walt-Familiebond

Posbus 20522
Noordbrug 2522
Potchefstroom
Suid-Afrika
Tel/Faks: (018) 294-5492
E-pos: ajvdw@intekom.co.za
web: http://home.intekom.com/waltbond

Jaargang 16, nr. 1, Februarie 2000

REDAKSIONEEL

Alhoewel die derde uitgawe van ons nuusbrief vir 1999 nie verskyn het nie, is daar 'n goeie rede voor. Die redakteur was naamlik buite aksie. Hy is nou egter weer terug, en ons gaan ons langsaam haas om die nuus bekend te stel.

** Daar is belangrike nuus wat hierdie keer uitgaan - veral oor die Van der Walt-feestoer na Europa en Friesland aanstaande jaar in Junie. Dit is die huidige projek vir 1999/2000 van die Familiebond waaraan ons tans werk en wat aan ons lede gebied word. Het u al bespreek? Die tyd raak min en die sitplekke is beperk. Ons het al heelwat deposito's ontvang.*

** Ons plaas weer 'n berig oor een van ons vangenote oor wie ons in hierdie nuusbrief skryf - ds. Dirkie van der Walt, emeritus-predikant.*

** Ons nooi ook ons lede uit om by die plaas van 'n vangenoot in die Karoo aan te doen as hulle in daardie rigting ry. Lees die beriggie hieroor en maak gerus gebruik van die vriendelike aanbod.*

** Sonder om die kwessie oor die eeu- en millenniumwenteling te ver te voer, moet ons tog wys op die wêreldwye fout in die berekening van die einde van die huidige en aanvang van die nuwe millennium. 31 Desember 2000 is die **einde** van die eeu én van die 2de millennium. Die jaar 2000 is dus **nie** die aanvang van die nuwe millennium nie. Duisend jaar tel immers tot by 2000 en nie net tot by 1999 nie - op 31.12.1999 is nóg die eeu nóg die 2de millennium voltooi. Stem ons lesers met dié standpunt saam? Laat ons gerus van u hoor oor hierdie interessante omwenteling in ons leeftyd.*

inhoud

Redaksioneel ---------- 1
Veenwouden ---------- 1
Ouditeure ---------- 1
Aftrede ---------- 1
Springbok ---------- 2
Goue status CD ---------- 2
Adresveranderinge ---------- 2
Gelykfontein ---------- 2
Veteraan-dominee ---------- 3
Stamregister ---------- 3
Uit ons verlede:
Oom Kotie van der Walt ------- 4
Pionier van Pretoria ---------- 4
Brosjure: Feestoer ---------- 5/8

VEENWOUDEN

Ons het 'n baie interessante brief van Rudi en Hester van der Walt van Aston Manor ontvang oor hulle besoek aan Veenwouden.

Hulle skryf dat hulle baie gul ontvang is deur die eienaars van 'n eetplekkie met die naam: *Café t' Dûke Lûk* van Pieter en Doetie Liezenga wat op die wal van Veenwoudsterwal geleë is. Die egpaar verhuur o.a. ook "fluisterbootjies" (dit is battery-aangedrewe bote) vir vaarte op die kanale vanwaar 'n mens die omgewing goed kan waarneem. Rudi het selfs 'n afdruk van 'n hoofstuk oor Veenwouden ingesluit by hulle brief (as vangenote daarin belangstel, kan hulle my maar net laat weet. Red.)

ONS EN DIE OUDITEURE

Krause van der Walt van Potchefstroom laat weet dat daar tans sowat 16,000 persone in hierdie beroep staan. Van hulle is maar net elf Van der Walts, maar dit is selfs beter as enkele jare gelede toe daar slegs drie was!

Die kwalifiserende eksamen is seker te moeilik? Dit is algemeen bekend dat almal nie sommer hierdie eksamen slaag nie.

AFTREDE

Die voorsitter van die Familiebond, Bennie van der Walt, het aan die einde van 1999 uit die diens van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO getree. Hy was direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studie en professor in die departement Fi-

losofie.
Ons wens hom en sy huisgesin 'n baie rustige en geseënde aftrede toe. Dit is mos eers na aftrede dat 'n mens uitvind die dag het te min ure om alles wat jy graag gedoen wil hê, gedaan te kry.
Ons sekretaris, Dries van der Walt, 'n veteraanpensioenaris, was die afgelope maande siek en het behandeling in Pretoria ondergaan. Dit gaan nou beter met hom.
Martin van der Walt, nog 'n bestuurslid, het ook onlangs 'n operasie ondergaan en daarna nog ongemak verduur. Hy is darem weer op die been.

SPRINGBOK IN ONS MIDDE

Van Etresia van der Walt van Hartbeespoortdam verneem ons dat Pieter van der Walt van Klerksdorp in Augustus 1999 Springbokkleure verwerf het vir veteraantennis (bo 50). Hy het SuidAfrika suksesvol verteenwoordig in Nederland.
Hartlik geluk aan Pieter. 'n Mens word ook nooit te oud om te presteer nie! Doe zo voort!

GOUE STATUS CD

Die bekende sanger en sy dogter, Hessel en Mariesia van der Walt, se onlangse geestelike CD *Hessel en Mariesia* is met goue status bekroon. Hulle nuwe produksie, *Kleintydherinneringe,* het ook intussen die lig gesien. Dit bevat 31 FAK-korrekte liedere plus begeleiding vir diegene wat weer saam wil sing.
As daar iemand is wat belangstel om van die CD's aan te skaf, kan hulle direk van die kantoor van *Hessel Musiek* bestel by telefoonnr.:(012) 2590423.
Ons wens Hessel en Mariesia van harte geluk met hulle prestasie. Mag hulle musiek steeds van krag tot krag groei. Dit is pragtige talente wat hulle ontvang het, én hulle maak gebruik daarvan.

ADRESVERANDERING

Ons het die afgelope tyd sommer baie onafgelewerde nuusbriewe teruggekry. Ons doen daarom 'n beroep op ons lede om asseblief adresveranderings aan te meld.
Ons kan nie regtig bekostig om soveel posgeld en nuusbriewe verlore te laat gaan nie. Help asseblief om die koste te besnoei!

Redakteur

GELYKFONTEIN

Soos op bladsy een genoem, het ons 'n vriendelike uitnodiging ontvang van Schalk en Christa van der Walt van die plaas Gelykfontein, Venterstad.
Hulle skryf dat as enige Van der Walt wat in daardie omgewing reis, belangstel kan hulle buite seisoen teen afslag by hulle in een van hulle gastehuise oornag.
Schalk is die derde geslag op die familieplaas, terwyl sy moeder en sy vrou Christa ook Van der Walts was. Sy vader was J.C. van der Walt, en dié se oupa het op Grootfontein, Middelburg geboer.
Die resiesperde-stoetery word al 64 jaar lank deur die familie bedryf, terwyl hulle ook met inheemse beeste, skape en wild boer.
Daar is nou 'n vriendelike verwelkoming vir diegene wat in daardie omgewing reis. Gaan soek gerus die "familie" op en kuier rustig op 'n tipiese Karooplaas. Om vooraf te bespreek kan u die volgende telefoonnommer skakel of 'n faks stuur: (051) 654-0150 of (051) 654-0302.
Hartlike dank aan Schalk vir die inligting wat hy aangestuur het.

VETERAAN DOMINEE

Dominee Dirkie van der Walt was op 30 Januarie 1999 85 jaar oud. Dit plaas hom tans as die oudste lewende predikant in die Gereformeerde Kerke, sowel in lewensjare as in diensjare.
Dirk Jacobus is op 30 Januarie 1914 op Middelburg, Ooskaap, gebore as seun van Louis Stephanus van der Walt en Maria Strydom. Hy het sy bediening in 1939 op Piet Retief begin. Dit was in kombinasie met die hele Swaziland, Paulpietersburg en Noord-Natal. Dit was 'n baie groot bedieningsgebied, maar dit is hoe dit in daardie jare gedoen is.By die kombinasie van 4 gemeentes was hy ook konsulent vir nog twee. In daardie jare het 'n mens nog met nagmaalsgeleenthede ossewaes en tente op die kerke se terrein gesien. Dit was die jaar van die Simboliese Ossewatrek.
Sy tweede bedieningsarea was die Lydenburgse distrik, wat die Belfast en Dullstroom-gemeentes ingesluit het. Hierby is betrek Waterval-Boven, Nelspruit, Witrivier en Hoedspruit-Klaserie. Baie lidmate van afgeleë gebiede het toe nog met vragmotors nagmaal bygewoon en tente op die kerkplein opgeslaan. In sy latere plattelandse bedieningsgebied van Koster en

Rustenburg het die gebruik om tente op die kerkplein op te slaan al ietwat verlore gegaan.
Sy eerste stadsgemeente was Johannesburg-Wes, waarna hy die militêre diens betree het as kapelaan. In hierdie hoedanigheid het hy die tydperk 1955-1979 toe hy geëmeriteer het, verskeie belangrike poste in die Weermag beklee. Alhoewel hy ter wille van die administrasie weermagrange beklee het, het hy altyd 'n dominee gebly. Hy het gevorder van majoor tot brigadier.
Dominee Dirkie is in 1939 bevestig en het sy emeritaat in 1979 aanvaar, wat sy bedieningstydperk 'n volle 60 jaar maak! Na sy emeritering het hy nog 10 jaar lank in gemeentes gehelp, meestal met preekbeurte. Sedert hy 75 geword het, preek hy nie meer nie.
Die veteraan is nog relatief aktief. Hy stap elke dag en speel nog twee keer per week rolbal.
Ons verneem ook van studentekennisse dat ds. Dirkie 'n kranige atleet tydens sy studentedae op Potchefstroom was. Hy en sy eggenote (gebore Kruger) is op 4 Julie 1942 deur Totius (prof. J.D. du Toit) op Potchefstroom in die huwelik bevestig. Hulle is dus reeds meer 57 jaar getroud.
Die Familiebond wens hom en sy eggenote goeie gesondheid toe vir die toekoms.
Redakteur

Bo: *Ds. Dirkie van der Walt en sy eggenote.*

Op die foto links oorhandig Dries van der Walt, bestuurslid van die Familiebond vir die Ooskaap, 'n tjek aan mev. Elana Kitching, kurator van die P.W. Vorster-museum, op Grootfontein, Middelburg. Dit bestaan uit donasies wat die lede van die Familiebond vir die museum bygedra het.

Simpatie
Die eggenote van prof. Louis van der Walt van die Baai is in Oktober 1999 na 'n lang siekbed oorlede. Namens die bestuur en lede van die Familiebond betuig ons graag ons innige simpatie met Louis en sy dierbares. Mag die Here u ryklik vertroos. *Redakteur*

STAMREGISTER
Ons nuwe stamregister is nou byna uitverkoop. Ons het egter onlangs nog sowat 25 eksemplare van die boekbinders ontvang en stel dit nou weer beskikbaar aan lede wat dit wil bestel.
Ons doen ook weer 'n beroep op ons lede - en alle Van der Walts - om asseblief die genealogiese gegewens by te hou. Stuur enige veranderings of bywerkings aan ons sodat dit ingewerk kan word.
Of daar binnekort weer 'n herdruk sal verskyn, is te betwyfel - miskien oor 20 jaar? Dan is die huidige samestellers waarskynlik nie meer hier om dit by te werk nie. Iemand uit die volgende (10de of 11de?) geslag sal egter intussen aangewys moet word om die afgelope dekades se werk voort te sit.
Het u enige voorstelle in dié verband? Laat ons asseblief weet as u van so iemand weet. Hy of sy moet 'n liefde hê vir dié soort werk en daarby sommer baie tyd tot sy beskikking hê. Doeltreffende rekenaarfasiliteite en -kennis is noodwendig ook nodig. Die databasis beslaan tans sowat 5 megagrepe, wat dit nogal 'n aansienlike stuk werk maak.
Die boek beslaan sowat 950 A4 bladsye beide kante gedruk. Dit is dus op 'n paar bladsye na 'n hele riem papier wat tussen die harde buiteband gebind word - voorwaar 'n formidabele stuk werk waarop ons baie goeie en positiewe kommentaar ontvang het.
Bestel u eksemplaar van die sekretaris van die Familiebond by die adres soos dit op bladsy 1 van die Nuusbrief verskyn.

UIT ONS VERLEDE

OOM KOTIE VAN DER WALT

Nog nasate van Johannes Petrus, die derde seun van die stamvader, wat wye bekendheid verwerf het is die kinders van sy jongste seun Petrus Jacobus, of Oom Peetjie soos hy ook bekend was, die seun wat die leeu geskiet het wat sy pa bespring het, waaroor ons in 'n vorige nuusbrief berig het. Een van sy seuns het ook in die Volksraad van Transvaal gedien, naamlik *Andries Jacobus Johannes Lodewicus van der Walt* (Oom Kotie).

Sy nasate het in 1965 'n pragtige gedenkbundeltjie oor hierdie vader uitgegee. Die inligting wat hier aangehaal word, kom uit die genoemde boekie.*

Dat hierdie tak van die familie volksleiers was, ly geen twyfel nie. Johannes Petrus was veldkommandant; sy seun Nicolaas Tjaart (b5c6) was op sy beurt bekend as *kommandant* Tjaart van der Walt van Colesberg. Laasgenoemde se sesde seun, Andries Jacobus was teenwoordig toe die Gereformeerde Kerk Colesberg op 8.12.1860 op die plaas Hamelfontein gestig is. Sy naam was ook een van die eerstes op 'n groslys vir ouderling. Hy was die vader van Oom Kotie.

Andries Jacobus Johannes Lodewicus van der Walt (Oom Kotie, b5c6d9e3) was die derde seun van die genoemde Andries Jacobus. Hy het 82 jaar oud geword en is in 1921 oorlede. Hy was getroud met *Petronella Johanna Olivier.* Hy was sewentien en sy bruid 'n skrale sestien jaar oud toe hulle getroud is. In 1880 het Oom Kotie die eerste gedeelte van die plaas *Uitschot* in die distrik Potchefstroom, wyk Makwassie, gekoop. Later het hy nog dele aangekoop en hy en sy gesin het hulle daar gevestig.

Hy het aan die volksvergaderinge en die Eerste Vryheidsoorlog deelgeneem. Later was hy die verteenwoordiger van die distrik Lichtenburg in die Volksraad. Hy was ook lid van die kerkraad van Potchefstroom, vir die wyk Hartswater.

Oom Kotie en sy vrou het 'n groot nageslag gelaat wat die Van der Walt-familie eer aandoen.

Hy was maar een van die nasate van Johannes Petrus wat wye bekendheid verwerf het - daar kan nog baie ander ook hier bespreek word, want hierdie seun van die stamvader het talle afstammelinge opgelewer oor wie daar geskryf kan word. Gebrek aan ruimte laat dit egter nie toe nie, en ons volstaan dus met hierdie hierdie herinnering aan Oom Kotie.

Dries van der Walt

** C.A. en J.L. van der Walt, Oom Kotie van der Walt.*

PIONIER VAN PRETORIA

Nog 'n kleinseun van Johannes Petrus was *Andries Petrus Jacobus van der Walt*, die eerste veldkornet van Pretoria, wat die eienaar van die plaas Elandspoort was waar die stad Pretoria later uitgelê is. Hy is op 9 Oktober 1814 in die distrik Graaff-Reinet gebore in die 4de geslag na die stamvader, Geele Andries. Tot in 1828 is daar nie veel oor hom bekend nie, behalwe dat hyself gesê het hy het hom meer noord van die Oranjerivier bevind as suid daarvan. In 'n skrywe van hom in 1860 noem hy 'n lang lys van goeie dienste wat hy voor 1848 aan die OVS gelewer het.

Na die slag van Boomplaats in 1848, toe hy reeds veldkornet was, trek hy saam met Andries Pretorius na die Transvaal waar hy hom op die plaas Elandspoort in die vallei van die Apiesrivier vestig. Hy was as veldkornet so vasgevang in amptelike pligte dat hy nie veel aandag aan sy boerdery kon gee nie.

Die burgers van Transvaal het op 'n "hoofstad" aangedring wat hulle *"een vaste sit plaats onder die dikste midden"* van die republiek genoem het. Met die volop water van die Fonteine en die Apiesrivier was Elandspoort ideaal geskik vir dié doel. Nadat Andries van der Walt toe reeds sowat sewe jaar as veldkornet gedien het, verklaar die Volksraad Elandspoort op 15 November 1855 as dorp. Só is Andries Pretorius en Andries van der Walt se name onlosmaaklik gekoppel aan Pretoria deur die twee strate, Andries- en Van der Waltstraat, wat na hulle vernoem is. Die veldkornet se huis was naby die bron van die Fonteine geleë, en die reste daarvan was in 1966 nog sigbaar.

Naskrif: Ons hartlike dank aan prof. Ch. P. van der Walt, voormalige rektor van die POK, vir die inligting wat hy verskaf het oor hierdie pionier van Pretoria. Ons het nog so paar kort stukkies van die professor, 'n nasaat van APJ van der Walt, ontvang en sal dit mettertyd in ons nuusbrief plaas.

Redakteur.